ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

# WELTEWOORD

Desember 2023 Gemeenteblad van NG Weltevreden

# 'n terugblik in DANKBAARHEID

*Ds. Hettie Wessels*

Aan die einde van elke jaar groet die meeste van ons die jaar met 'n stukkie dankbaarheid; ons het genoeg gehad. Dit was 'n lang jaar, dink ons by onsself; ons is gereed vir die nuwe. Volgende jaar sal ons weer so voel en laasjaar was ons ook daar. Na 'n jaar is 'n mens moeg gesukkel, moeg opgedaag en moeg planne gemaak. Die omslaan van 'n nuwe blaadjie lyk aanloklik, so skoon en vol potensiaal.

Ek wil jou uitdaag om voor die jaar sy laaste asem uitblaas, 'n dankbaarheidslysie te maak van jou jaar wat verby is. Waarvoor was jy dankbaar?

Daar is die vanselfsprekende – wat ons weet definitief nie as vanselfsprekend aanvaar moet word nie – jou gesin, boesemvriende, gesondheid, jou huis, jou werk, kos, jou opvoeding, jou troeteldiere, 'n goeie nag se slaap, die seisoene, naweke, vars lug, vervoer, skoon water, tegnologie, 'n goeie boek, kuns, onderwysers, moderne gesondheidsorg, musiek, kleure, geskenke gee, geskenke ontvang, wi-fi, Netflix, deodorant, die vermoë om enige vraag te Google, toiletpapier, bacon, ducktape...

*Hoe het God jou gebede geantwoord?*

En dan jou eie lys. Wat het in jou lewe gebeur waaroor jy dankbaar is? Die dinge waarvoor jy gebid het – hoe het God geantwoord? Waar sien jy God aan die werk in jou lewe? So 'n bietjie voorraadopname van die jaar: Het jy uitgekom by die dinge waaroor jy droom? Is jy gelukkig? Het jy dié jaar 'n beter mens geword?

Ons fokus dikwels op die groter dinge in die lewe soos ons loopbane, ons opvoeding en ons verhoudings. As ons egter die tyd neem om terug te stap en die klein dingetjies in die lewe te waardeer, kan ons werklik geseën word. God het ons geskep met soveel spesiale gawes en seëninge wat dikwels oor die hoof gesien of as vanselfsprekend aanvaar word. Die klein oomblikke van vreugde wat kom van 'n pragtige sonsondergang, 'n kind se lag, 'n drukkie van 'n vriend of familielid, of selfs net 'n stil oomblik van nadenke – dit is alles geldige redes om stil te staan en te waardeer wat God ons gegee het. Die wêreld wemel van skoonheid en oorvloed as ons tyd maak om daarna te soek.

*Staan stil en waardeer wat God ons gegee het*

Die waarheid is: Die lewe is kort en elke oomblik maak saak. Ons moenie belangrike oomblikke ongemerk laat verbygaan omdat ons te besig is om op "groter" dinge te fokus nie. Neem die tyd om al die skoonheid rondom jou op te let, al is dit klein oomblikke. As jy die moeite doen om daagliks die kosbare klein dingetjies te waardeer en te geniet word jou lewe sinvoller en meer doelgerig. Dit kan jou gemoedsrus gee en jou help om 'n meer geseënde lewe te lei. 'n Mens se lewensverhaal bestaan immers uit hierdie klein dingetjies!

# NG WELTEVREDEN
# waar ELKEEN 'n verskil kan maak

*Robert Steenekamp, Kerkraadsvoorsitter*

Met die einde van 2023 in sig en dalk die vooruitsig van 'n kort wegbreek is dit lekker om vir 'n oomblik stil te staan en na te dink oor die jaar wat verby is. As Kerkraad is ons dankbaar vir al die verskillende projekte waarby ons gemeente betrokke kan wees en waar ons 'n verskil maak in ons gemeenskap.

Selfs al kom 'n mens elke Sondag kerk toe, weet jy selde van al die werk wat gedoen word en die geskarrel agter die skerms waar mense op verskillende maniere betrokke is. Verskeie Bybelstudie-groepe bied vir elkeen die geleentheid om op 'n manier betrokke te wees en gee ruimte vir geestelike groei. Die deur is altyd oop vir nog iemand om in te skakel en nuwe bande te vorm van uitreik, deel word en omgee. Ons Vrouediens help onbaatsugtig by verskeie funksies en lewer byna ongemerk 'n reusebydrae. Ons gemeente se betrokkenheid by die Mosambiek-uitreik, waar ons landsgrense oorsteek om te help, hoor ons gereeld hoe die span verryk terugkom deur wat hulle geleer en ervaar het.



Die afgelope basaar gedurende Augustus was 'n groot sukses en daar is hard gewerk. Ons het deelname gehad soos nog nooit tevore nie en op dié manier raak meer mense in die gemeenskap bewus van ons gemeente, waar hulle welkom is. Ons is bevoorreg om ook 'n verskil te kon maak deur die Silwerhoekie en die koskas, waar ons help met die ergste nood in die gemeenskap.

Ons is geseënd om betrokke te wees in Jan Hofmeyer, waar ons help om kleuters in die speelskooltjie skoolgereed te maak en ook 'n gevoel van opgewondenheid te gee met hulle verjaardae en met Kerstyd. Die gemeente se betrokkenheid by die Blou Huis en by Huis Erasmus maak ook in dié betrokke kinders se lewens 'n kosbare verskil.

As Kerkraad is ons dankbaar oor die verloop van die onlangse Algemene Sinode, hoewel ons aanhou bid vir God se leiding waar mense saamdink oor 'n toekoms waar ons Hom dien.

Gedurende die jaar is belangrike instandhoudingswerk aan ons geboue gedoen en kyk ons ook na maniere om meer doeltreffend te werk sodat ons vir nog baie jare kan voortgaan om 'n verskil te maak.

Alles is te danke aan die voortgesette en onbaatsugtige betrokkenheid van verskeie gemeentelede. Daar is altyd 'n behoefte aan nog iemand wat bereid is om betrokke te raak. Ons is ook baie dankbaar vir elke finansiële bydrae – daarsonder is nie een van die projekte moontlik nie.

Ons dank God vir hierdie gemeente; vir mense wat deel vorm en wat 'n rol speel, op watter gebied ook al, selfs net deur aan te hou om Sondag vir Sondag gesig te kom wys. Ons strek onsself uit na 2024 en is opgewonde oor wat voorlê.

**Wees 'n**
**Reënboog van Hoop**
**vir ander**

Die Kerkraad vertrou dat elkeen die kans sal hê om 'n bietjie af te skaal en rustiger te raak. Ons wens elkeen 'n Geseënde Christusfees toe.

# Slapende Skoonheid word Pragtige Prinses ...

*Saret Britz, Gemeentebestuurder*


Enige ordentlike sprokie begin met "lank, lank gelede". Die storie van Pastorie 1 begin ook so. In Januarie 1981 is argiteksplanne goedgekeur om 'n nuwe pastorie op die grond van die Gemeente Fairland in Corneliusstraat 1140 te bou. NG Weltevreden sou eers op 5 September 1982 as onafhanklike gemeente tot stand kom en het die terrein as bruidskat van NG Fairland ontvang.

Daar is gewoonlik ook 'n dramatiese insident in enige sprokie wat 'n keerpunt teweegbring. Die dramatiese moment in die bestaan van Pastorie 1 was die emeritering van Ds. Kobus Sandenbergh en die Covid19-pandemie. Pastorie 1 het soos die spreekwoordelike slapende skoonheid gerus totdat die Kerkraad, met die gemeente se insette, besluit het om die sluimerende skoonheid te laat ontwaak en haar in 'n pragtige prinses om te tower. Die droom van die gemeente was om Pastorie 1 te herstel tot 'n woonhuis waar 'n huisgesin hulle kon vestig. Daar moes weer kinderstemme gehoor word want die huis is 'n ideale gesinswoning. Menige beplanningsvergadering het gevolg om te besluit oor die praktiese uitvoering van die projek. Die groot werk het onder die wakende oog van die destydse Kerkraadsvoorsitter, Wim Pienaar, begin. Kwotasies is bekom en kontrakteurs is aangestel.

Met haar fondasies sterk in die vroeë 1980's het dit fyn beplanning gekos om vir hierdie 42-jarige dame (mag 'n mens praat van middeljarig?) 'n nuwe baadjie aan te trek. Kundiges is ingeroep om die binneruimte in 'n klassieke styl op te knap. Donkerbruin langhaarmatte en teëls het plek gemaak vir neutrale, duursame vinielvloere regdeur die huis. Donker-getinte vensters is gestroop om lig in te laat. Binnemure met boë in 'n Spaanse styl is verwyder om die ruimte in 'n vriendelike oopplanuitleg te omskep. Die huis het stadig maar seker 'n sprokiesagtige gedaanteverwisseling ondergaan.


Bl. 4

**Kyk saam na Pastorie 1 se transformasie:**



VOOR

**VOORPORTAAL**



NA

## IN HIERDIE UITGAWE


- 'n Terugblik in Dankbaarheid
- NG Weltevreden: waar elkeen 'n verskil kan maak
- Slapende Skoonheid word Pragtige Prinses
- Die Vreugde van Uitreik
- 'n Fees van groot Genade
- Wintervakansie Pretweek
- Belydeniskamp 2023
- KiX-Kersspel
- Projekte en Dienste


**DIE REDAKSIE VIR HIERDIE UITGAWE IS:**

Esmé Coetzee

Maretha Gous

# DIE TRANSFORMASIE

Die wonderlike kersie-op-die-koek in ’n sprokie is die “en hulle was lank en gelukkig saam”. Tydens die Kerkraadsvergadering van 9 November 2023 het Pastorie 1 haar vir-ewig-oomblik gekry toe die Kerkraad goedgekeur het dat Ds. Hettie Wessels en haar gesin volgende jaar daar sal intrek. Die slapende skoonheid – of was dit nou Aspoestertjie – het ontwaak! Sy staan reg om jul 'vir ewig' gelukkige tuiste te wees! Ons bid die Wesselse ’n lang, gelukkige tyd in hul nuwe woning toe.

Voorportaal (foto’s op p.3): Spaanse boë en verskillende skakerings van bruin het die voorportaal donker gemaak. Die voordeur is ’n ligte skakering blou geverf om sagtheid en rustigheid reeds vanaf die ingang te bewerkstellig. Die plafonne is vervang en die ronde boë is reguit gemaak. Die mure is gepleister en is nou ’n warm wit. Die vloere is regdeur die huis dieselfde vir ’n soomlose oorgang tussen vertrekke. Energie-besparende LED-ligte is in al die plafonne

Studeerkamer: klassieke en kontemporêre skakerings van wit en blou gee die studeerkamer ’n skoon, professionele voorkoms.



VOOR


NA

Die grootste transformasie was in die leefarea. Waar die sitkamer, eetkamer, kombuis en woonkamer voorheen deur donker siersteenmure geskei is, is ’n gevoel van ruimte geskep deur die verwydering van die binnemure. Op plekke is ’n Franse pleistertegniek gebruik om steeds tekstuur te gee en ’n terugblik te bied op die ou afwerkings. Dié vertrekke vorm nou een ruim area wat deur tekstuur, lig en afwerkings onderskei word vir ’n moderne leefstyl.

## OU LEEFAREA


Sitkamer


Sitkamer


Familiekamer

Bl. 5


# DIE TRANSFORMASIE

## OU EETKAMER





## NUWE LEEFAREA




## KOMBUIS





## BINNEHOF



Stukkende staalraamvensters is vervang met splinternuwe aluminiumdeure wat uitloop op die binnehof van die huis. Die woonkamer se nuwe oopswaai-aluminiumdeure verbind die leefarea met die agterste tuin, wat nou meer toeganklik is vir 'n gesin wat graag in die tuin kuier.



Soos enige huiseienaar weet, is die kombuis en badkamers baie belangrik en ook hier het Pastorie 1 sluimerend in die 80's geleef. Die nuwe moderne badkamers sorg selfs vir 'n tikkie pret met 'n kinder-badkamer wat kunstig en kliphard koning kraai in die middel van die huis.



# DIE VREUGDE VAN UITREIK...

**Dié woorde van Karen Zoid bly in my kop maal as ek terugdink aan ons gemeente se uitreik na Mosambiek – 'n jaarlikse uitreik vir die afgelope sewentien-plus jare, waarvan ek 'n goeie klomp meegemaak het. Hierdie keer was my gesin saam. Wat ons kinders ervaar het, ruil ek vir niks. Dit wat hulle gesien en beleef het, kan nooit weer van hulle weggeneem word nie.**

*"En wanneer jy voel*
*die lewe is net een groot gesuffer*
*reik jou hande uit en help 'n ander*
*met minder as jy*
*gaan maak iemand bly*
*want dan sal jy*
*altyd wil saamsing*
*as musiek begin speel."*
*Karen Zoid*

## laat diep spore in jou hart...

*Ds. Hettie Wessels*

Mosambiek is steeds onder die top tien armste lande ter wêreld. Tog is wat my opval van die mense daar hoe tevrede hulle is. Ons eet Sondagmiddag by 'n familie op die grasmatte onder die bome. Na die ete vra ons waarvoor ons vir hulle kan bid. Die ma van die huis antwoord: "Ons weet ons is arm en het nie baie nie, maar bid asb. vir vrede in ons huis, dan sal ons gelukkig wees". Van alles waarvoor sy kon vra, vra sy vir vrede. Daar onder die kasjoe-boom leer ons 'n waardevolle les – geld is nie alles nie.

In Mosambiek dans kinders voordat hulle kan loop en hulle sing voordat hulle leer praat. Die ritme van hulle harte en hul lewens maak hierdie mense gelukkig. Ons kry hulle jammer omdat hulle min besittings het; hulle wonder waarom ons so baie nodig het. Dit is nie "nog" wat hulle laat sing nie, maar saamwees. Die omgee van die gemeenskap. Die uitdrukking "It takes a village to raise a child" is 100% van toepassing op hulle gemeenskap, waar almal vir almal verantwoordelikheid neem.

Hulle onwrikbare geloof in God en Christus se versoeningsdood laat hulle kilometers ver oor dik sand in die warm son stap na eenvoudige rietkerkies waar hulle God loof sonder voorbehoud; eg en eerlik. Hulle leef 'n moeilike, maar gelukkige lewe. Hulle streef na saamwees en 'n lewe naby God. Die ekstras is lekker, maar nie 'n motivering nie.

Ek wonder wat hulle daarvan sou dink dat ons sjokolade of koffie opgee vir lydenstyd. Die meeste van hulle het nie 'n idee wat enige van die twee is nie. Christus se lyding is egter iets wat hulle verstaan, waarna hulle selfs strewe. 'n Uitsien daarna om vir altyd by God te wees is deel van elke preek en elke boodskap.

Bl. 7





# Mosambiek leer ons: Dit is vrede wat 'n mens gelukkig maak















# 'n Fees van GROOT Genade!

*Hettie Wessels*









As ek terugdink aan die basaar van 9 Augustus 2023 sou ek 'n klomp dinge kon opnoem. Ek sou vir julle kon vertel dat ons 5 000 pannekoeke gebak het of dat ons amper 1 000 bakkies kerrie en rys verkoop het. Ek sou kon vertel van kilogramme wors of hoeveel koek die dag verorber is. Ek sou kon voorgee dat alles seepglad verloop het; dit sou 'n leuen wees. Ek sou ook van al die flaters – te min vleis en te veel stres – kon vertel; dit sou onnodig wees. Of ek sou kon probeer raai hoeveel mense die dag daar was; dit sou onmoontlik wees. Of ek sou kon vertel van die reusesukses en die baie rande wat ons ingesamel het; dit sou spog wees.

Ek wil jou eerder vertel dat mense vriende geword het. Daar tussen die rook van die braaivleisvure, die speel van die kinders en die sweet langs die pannekoekpanne het vreemde mense name gekry, het ons stories gedeel en baie gelag, en soms ook vinnig planne gemaak. Ek wil jou eerder vertel hoe 'n gemeente kan kuier en die gemeenskap van gelowiges ervaar in 'n oorvol warm koffiewinkel, by 'n witolifantstalletjie met stowwerige andermanskatte en hoe 'n kind 'n voorheen-liefgehêde beertjie kan vasdruk asof splinternuut – wat 'n bargain!

Ek wil jou vertel hoe mense kom hulp aanbied en saam planne beraam en hoe die basaar se werk en beplanning en droom gedeel word deur honderde mense. Hoe vrouens in motors spring en jaag om ekstra te gaan koop. Hoe seniors maande vooraf begin hangers oortrek en popkleertjies brei. Hoe ek vyfuur die oggend die saal oopsluit sodat tientalle kan begin pannekoek bak. Ek wil jou vertel van 'n gesin wat 'n stalletjie die hele dag beman en wens hulle kon meer doen. Hoe 'n nie-lidmaat my kom soek en vra: "Ek wil in; hoe raak ek deel hiervan?" Hoe vriende van Weltevreden bekende basaargesigte word, in so 'n mate dat ek wag dat hulle 'n geselsie kom maak. En dan vriendelik groet: "Sien julle volgende jaar!"

As jy nog nooit genade beleef het nie, kom basaar toe. As jy wil sien hoe vyf brode en twee vissies duisende voed, kom staan die oggend van die basaar en die week vooraf en kyk hoe motors inry, kattebakke oopgemaak word en daar afgedra word: hondebeddens, basaarpoeding, voorskote, koeke, beskuit, brode, skottels vol kerrie en rys, plante – die mooiste plante gekweek, versorg en uitgeplant; reg vir die basaar. En as jy die hart van die gemeente wil leer ken, kom kyk hoe jonk en oud vir 'n paar uur vergeet van alles anders en werk tot ons voete seer is, ons na kaneel en rook ruik, en dan doodmoeg en dankbaar huis toe gaan. Die Here is oormatig, uitbundig goed vir ons!

Bl. 9

# BASAAR

























# Wintervakansie PRETWEEK

’n Week van PRET vir laerskoolkinders! Die kinders kom al vroeg-vroeg en soms half aan die slaap by die kerk aan, maar ontdooi vinnig want die tieners se energie het nie einde nie. Ilze de Villiers het die tieners twee weke vantevore opgelei en hulle is geïnspireerd en gereed.

NG Weltevreden bied Pretweek aan maar Ilze het die opleiding in Ring-verband gedoen, dus was daar elke dag kinders uit verskillende gemeentes wat bygewoon of kom help het en volwassenes wat kom kers opsteek het.

Ongeveer 100 kinders en volwassenes was by hierdie groot geleentheid betrokke. Te midde van die pret was dit ook ’n geleentheid vir die tieners om gemeenskapsdiens te doen en hul leierskapsvaardighede te ontwikkel.

Aan die einde van die week was daar dankbare ouers, kinders met nuwe maats en ’n ongelooflike span mense wat weereens van Pretweek ’n ongelooflike avontuur gemaak het.











# Belydeniskamp 2023



*Henri Pretorius*

Die kamp van die belydenisklas is 'n belangrike gebeurtenis in hul voorbereiding om belydenis van geloof af te lê. Dié groep jongmense het vanjaar in Augustus by Achterberg Kampterrein gaan kamp en dit was weereens 'n baie spesiale tyd. Ons het stil geraak in die natuur en die teenwoordigheid van die Skepper beleef; moeilike vrae gevra en meer geleer van God; en dan natuurlik ook hope pret gehad. Dit was mooi om te sien hoe 'n diverse groep jongmense saamkom en groei in hul verhouding met die Here en ook met mekaar. Dit was ook besonders om te aanskou dat elke tiener hul eie lewenstorie het en dat die Here 'n unieke pad met elkeen stap. Mag die Belydenisklas van 2023 altyd weet dat God julle oneindig liefhet en dat julle nooit alleen is nie!











# KiX-Kersspel

*Ilze de Villiers*

Sondagoggend 7vm en die kinderstemme in die saal is oorverdowend. Dis kostuums en grimering en groepleiers wat probeer keer want Koning Herodes word deur twee herders rondgejaag. Dan beweeg al die kinders groot-oog kerk toe: Keiser Augustus, Josef en Maria, herders, engele, wyse manne en Herodes. Groepleiers lei die kleuter-engele na hul sitplekke en die goudgeel ster sit sommer heel voor op die verhoog.





Sondag 29 Oktober is die KiX-kersspel by albei eredienste in die kerk aangebied. Die dorpsmense begin koop en verkoop en stuk vir stuk begin die kersverhaal afspeel. Engele met soms ietwat skewe halo's en wyse manne met geskenke is alles deel van hierdie ervaring. Josef wil nie naby aan Maria staan nie, die wyse manne buig oordrewe en Keiser Augustus is baie kwaai. Die kinders geniet elke oomblik en aan die einde sing 'n soet kinderstem:

*O Heer my God as ek in eerbied wonder*

*En al U werke elke dag aanskou*

*Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,*

*Hoe U dit elke dag so onderhou…*

min wetend dat elkeen van hulle 'n wonderwerk uit God se hand is.







# PROJEKTE en DIENSTE

ng kerk weltevreden *lewe vir die stad*

Kontak Alda Boer: Direkteur Versorging (M.Soc.Sc MW) BERADING • VERSORGING • PROJEKTE 083 261 2700 / 011 475 5510

## Professionele dienste

- Individuele terapie
- Gesinsterapie
- Huweliksvoorbereiding
- Huweliksberading
- Hulpverlening aan gesinne in nood

**Verwysings:**
Na ander professionele beroepe, bv. psigiatriese dienste, arbeidsterapie, spraakterapie. Verwysings ook vir aftrede, rehabilitasie, subsidies vir skole.

## Korttermyn Projekte

- Mandeladag
- Kersprojek
- Winterhoop-projek
- Novo Futurum-projekte

## Langtermyn-projekte

- Koskas vir hulpbehoewendes
- Jan Hofmeyer speelskool
- Klerekas vir hulpbehoewendes
- Silwerhoekie omgeegroep vir seniors
- Project Intombi saam met Mosaïek
- Naaldwerkklas vir huiswerkers
- Barnabas ondersteuningsgroep
- Blou Huis: Abraham Kriel Kinderhuis (gemengde huis)
- Huis Erasmus vir Abraham Kriel Kinderhuis (gedragsmoeilike dogters)
- Treasures 2de-handse winkel

Alle projekte onder leiding van Alda Boer met ondersteuning van vrywilligers

"God het die wêreld so liefgehad
dat Hy sy enigste Seun gegee het,
sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie
maar die ewige lewe sal hê."
Joh 3:16

Ons wens vir almal 'n baie
Geseënde Christusfees



ng kerk
weltevreden
lewe vir die stad